**EKONOMIE GR 10: WERKOPDRAG MODULE 1 EENHEID 8: DIE EKONOMIESE KRINGLOOP (1)** (Omskrywing, deelnemers en markte) ***MEMORANDUM***

**1 Wat illustreer die ekonomiese kringloop?**

Die vloei van produksiefaktore, goedere en dienste en geld deur die ekonomie.

**2 Waar word die vergoeding vir huishoudings bepaal?**

Op die mark vir produksiefaktore.

**3 Mnr P. Harmse, 'n rekenmeester werk vir 'n onderneming BOEKS & KROEKS wat klein sakeondernemings se boeke doen. Hy verdien R50 000- per maand. Wat is die verhouding tussen mnr Harmse en BOEKS & KROEKS volgens die ekonomiese kringloop?**

Mnr Harmse verkoop sy rekeningkundige kennis aan BOEKS & KROEKS en BOEKS & KROEKS betaal hom R50 000- per maand daarvoor.

**4 Hoe is mnr Harmse (vraag 3) betrokke by die reële vloei in die kringloop?**

Mnr Harmse bestee sy inkomste op die goedere en dienste wat hy benodig.

**5 Wie bepaal wat produsente sal produseer?**

Die huishoudings. Produsente produseer die goedere en dienste wat huishoudings bereid is om voor te betaal.

**6 Waarom is die owerheid onmisbaar vir die werking van die ekonomie?**

Die owerheid lewer noodsaaklike kollektiewe dienste wat die privaatsektor nie kan of wil lewer nie.

**7 Noem die produksiefaktore wat internasionaal verhandel word.**

Kapitaal, arbeid, natuurgawes en ondernemerskap.

**8 In watter van die twee basiese markte word die volgende verhandel?: (a) 'n Loodgieter wat werk soek. (b) Pype en gereedskap wat loodgieters gebruik. (c) Die tarief wat loodgieters kan vra.**

(a) Die mark vir produksiefaktore.

(b) Die mark vir goedere en dienste.

(c) Die mark vir produksiefaktore.